higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

033Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.25) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 'n Regtens bindende ooreenkoms tussen die kunstenaar en die platemaatskappy.

A Verspreidingskontrak
B Bestuurskontrak
C Publikasiekontrak
D Opnamekontrak

1.2 Die kunstenaar se rol in die ateljee.

A Optrede
B Komposisie
C Produksie
D Skryf

1.3 'n Professionele persoon wat vir die kunstenaar se finansies verantwoordelik is.

A Persoonlike bestuurder
B Prokureur
C Agent
D Sakebestuurder

1.4 Betalingsmetode wat dikwels deur platemaatskappye gebruik word om kunstenaars te betaal.

A Kommissie
B Lone
C Tantième
D Fooie

1.5 Die proses om opnamekoste en voorskotte aan kunstenaars te verhaal.

A Eskalasie
B Goedmaking
C Kruis-kollateralisasie
D Begroting

1.6 Betalingsmetode wat dikwels deur kunstenaars gebruik word om hul bestuurders te betaal.

A Fooie
B Tantième
C Kommissie
D Lone

Kopiereg voorbehou

1.7 Die belangrikste rol van die platemaatskappy in die kunstenaar se lewe.

A Bestuur
B Besprekings
C Publikasie
D Opname

1.8 'n Professionele persoon wat daarvoor verantwoordelik is om regsake te hanteer.

A Prokureur
B Persoonlike bestuurder
C Sakebestuurder
D Agent

1.9 Een van die metodes om prokureursfooie te betaal.

A Tantième
B Waarderekening ('value billing')
C Kommissie
D Lone

1.10 'n Maatskappy wat deur die eienaars gefinansier word.

A Groot platemaatskappy
B Groot geaffilieerde onafhanklike platemaatskappy
C Onafhanklike platemaatskappy
D Produksiemaatskappy

1.11 'n Afdeling van 'n groot platemaatskappy wat talent en ontwikkeling hanteer.

A Promosie
B Verkope
C A&R
D Finansies

1.12 'n Professionele persoon wat vir 'n kunstenaar se besprekings verantwoordelik is.

A Sakebestuurder
B Agent
C Prokureur
D Persoonlike bestuurder

1.13 'n Stelsel vir die verhaling van die koste van een album teen dié van 'n ander album.

A Goedmaking
B Eskalasie
C Kruis-kollateralisasie
D Voorskot

Kopiereg voorbehou

1.14 'n Stelsel waarvolgens die kunstenaar se tantième op grond van verkope verhoog word.

A Eskalasie
B Belegging
C Spaar
D Wins

1.15 Voorafbetaling van tantième.

A Lone
B Kommissie
C Bonus
D Voorskot

1.16 'n Kontraktuele klousule wat die vrystelling van 'n album deur die platemaatskappy verseker.

A Gewaarborgde-opname-klousule
B Gewaarborgde-bemarkingsklousule
C Gewaarborgde-produksieklousule
D Gewaarborgde-vrystellingsklousule

1.17 'n Klousule wat kunstenaars verhoed om vir ander platemaatskappye opnames te doen.

A Eksklusiwiteitsklousule
B Voorkomingklousule
C Beperkingsklousule
D Produksieklousule

1.18 'n Kontraktuele klousule wat aan die kunstenaar vryheid van uitdrukking bied.

A Komposisieklousule
B Uitvoeringsklousule
C Kreatiewe-beheerklousule
D Produksieklousule

1.19 Een van die leweringskriteria van plate deur kunstenaars aan platemaatskappye.

A Opname wat ander kunstenaars insluit
B Opnames wat in 'n ateljee opgeneem word
C Opnames wat tegnies bevredigend is
D Opname wat voorheen deur die kunstenaar opgeneem is

1.20 'n Kreatiewe persoon wat vir die produksie van plate verantwoordelik is.

A Klankingenieur
B Regisseur ('producer')
C Persoonlike bestuurder
D Komponis

Kopiereg voorbehou

1.21 'n Metode om fisiese plate met musiekopnames te versprei.

A Sluiters ('lockers')
B Gebondelde dienste
C Rakgroothandelaars ('rack jobbers')
D Permanente aflaai

1.22 Die reg om die kunstenaars se naam op 'n T-hemp te druk.

A Vervaardigingsregte
B Drukregte
C Handelsmerkgewingsregte
D Kreatiewe regte

1.23 'n Kontraktuele klousule wat die verifiëring van die maatskappy se boeke toelaat.

A Boekhoudingsklousule
B Auditklousule
C Verifiëringsklousule
D Rapporteringsklousule

1.24 'n Album wat verskillende treffers van vorige albums insluit.

A Koppelalbum
B Samestelling-album
C Gesamentlike album
D Grootste-treffers-album

1.25 Elektroniese metode om musiek digitaal te versprei.

A Lisensiehouers
B Rakgroothandelaars ('rack jobbers')
C Groothandelaars
D Podsending

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.25) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

2.1 Kunstenaars is verplig om hul eie musiek te skryf.

2.2 Kunstenaars se tantième word op 'n maandelikse basis betaal.

2.3 Die platemaatskappy word verbied om opnamekoste goed te maak.

2.4 Kunstenaars is in platemaatskappye se diens.

Kopiereg voorbehou

2.5 Digitale opnames word elektronies verkoop.

2.6 Die persoonlike bestuurder verdien kommissie.

2.7 Die sakebestuurder onderhandel kontrakte namens die kunstenaar.

2.8 Komponiste kan slegs vir een kunstenaar by 'n bepaalde platemaatskappy komponeer.

2.9 'Sideman'-optredes kry 'n gelyke aandeel in die opname.

2.10 'n Regisseur is verantwoordelik vir die produksie van plate.

2.11 'n Gewaarborgde-vrystellings-klousule bied aan die kunstenaars aansienlike bedingingsmag.

2.12 Regstreekse albums ('live recordings') word voor 'n gehoor opgeneem.

2.13 'n Beheerde komposisie is 'n lied waarin die kunstenaar 'n belang het.

2.14 'n Kommersieel-bevredigende vereiste van plate impliseer dat die plate gekoop kan word.

2.15 Die regisseur se tantième word die kunstenaar se deel van die tantième betaal.

2.16 Superstere is kunstenaars wat meer as 750 000 eenhede per album verkoop.

2.17 Die terugkeerklousule beteken dat die kunstenaar die voorskot aan die platemaatskappy moet terugebtaal.

2.18 Gratis goedere lewer nie tantième vir die kunstenaars nie.

2.19 'n Plaat is enige vorm van musieklewering vir verbruikers se gebruik.

2.20 A&R staan vir kunstenaars en plate ('artists and records').

2.21 Agente word somtyds by advertensies en toerborgskappe betrek.

2.22 Dubbel-CD-verpakkings is meervoudige ('multiple') albums

2.23 Die reserwe-beperkings-klousule is slegs op fisiese plate van toepassing.

2.24 Stroming-op-aanvraag-dienste is interaktief.

2.25 Groothandelaars verkoop plate aan die publiek.

(25 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Kies 'n item of woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Klankopname van musiek	A	opnamekoste
3.2	Buffer tussen die kunstenaar en die buitewêreld	B	sleutelman
3.3	Persentasiegebaseerde betalingsmetode aan die persoonlike bestuurder	C	bemarking
3.4	Gelde wat deur die platemaatskappye vir die kunstenaar se tantième goedgemaak word	D	afloopklousule ('sunset clause')
3.5	Gelde wat aan 'n kunstenaar gegee word om toerverliese te verhaal	E	plaat
3.6	Tydperk wat begin met die opname van 'n album tot aan die einde van die promosie-aktiwiteite	F	botsing van belange
3.7	Klousule wat verwys na die persoonlike bestuurder se verdienste ná die bestuurstermyn	G	meester
3.8	Persoonlike bestuurder wat die kunstenaar namens die maatskappy verteenwoordig	H	persoonlike bestuurder
3.9	Die reg om iemand in hul afwesigheid te verteenwoordig	I	teruggee-reg
3.10	Wanneer twee opponerende partye deur dieselfde prokureur verteenwoordig word	J	promosiekopieë
3.11	Die afdeling van die platemaatskappy wat vir advertensie en publisiteit van plate verantwoordelik is	K	kommissie
3.12	Die oorspronklike opname waarvan ander kopieë gemaak word	L	reserwes
3.13	Die reg om fisiese plate wat nie verkoop is nie, terug te koop	M	albumsiklus
3.14	Tantième wat aan die kunstenaar verskuldig is maar deur platemaatskappye teruggehou word	N	volmag
3.15	Plate wat aan radiostasies gegee word maar nie verkoop mag word nie	O	toerondersteuning

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 'n Formule is 'n meganisme wat ontwerp is om 'n (transaksie/termyn) outomaties op grond van sukses te verleng of beperk.

4.2 'n 360- (transaksie/termyn) laat maatskappye toe om 'n deel van die kunstenaars se verdienste te ontvang.

4.3 (Verkope/Bemarking) -personeel sorg dat plate in winkels en op digitale platforms beskikbaar is.

4.4 Gratis goedere lewer nie (tantième/koste) nie.

4.5 SRLP is 'n benadering van die prys wat deur die (groothandelaars/kleinhandelaars) ontvang word

4.6 Kruis-kollateralisering van (transaksies/albums) verwys na die goedmaking van koste uit verskillende ooreenkomste

4.7 'n (Middelvlak/nuwe) -kunstenaar verkoop meer as ongeveer 100 000 albums.

4.8 Platemaatskappye bestee baie minder geld aan 'n (demo/ontwikkelings) -ooreenkoms.

4.9 'n Regstreekse album word by 'n konsert met 'n gehoor (opgeneem/uitgevoer).

4.10 'n Beheerde komposisie beperk (hoe gereeld/hoeveel) die kunstenaar as liedjieskrywer betaal word.

4.11 (Maatskappye/Kunstenaars) vereis gewoonlik twee of drie nuwe liedjies vir grootste-treffer-pakkette.

4.12 'n (Regisseur ('Producer')/Komponis) is 'n persoon wat verantwoordelik is vir die lewering van die kreatiewe produk in tasbare vorm.

4.13 (Een-stop/Lisensiehouers) koop by groothandelaars en verkoop aan kleiner winkels.

4.14 (Websending/podsending) is 'n diens waar mense plate kan stroom.

4.15 Die eksklusiwiteitsklousule (beperk/laat toe) dat kunstenaars vir ander platemaatskappye opnames mag doen.

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1	Noem VYF elektroniese metodes om plate beskikbaar te maak.	(5 × 2)	(10)
5.2	Noem VYF leweringsvereistes van albums.	(5 × 2)	(10)
5.3	Noem VYF rolle van die persoonlike bestuurder.	(5 × 2)	(10)
5.4	Noem VYF beperkings van 'sidemen'-optredes.	(5 × 2)	(10) **[40]**

TOTAAL AFDELING B: 100

AFDELING C

VRAAG 6

6.1	Verduidelik die eksklusiwiteitsklousule aangaande heropnamebeperkings en klankbane.	(20)
6.2	Verduidelik verdienste ná die termyn volgens die afloopklousule.	(30) **[50]**

VRAAG 7

Verduidelik wat 'n groot ('major') platemaatskappy is. Sluit 10 afdelings van sodanige maatskappy in jou verduideliking in. **[50]**

TOTAAL AFDELING C: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou